

## SARS VERSKERP VELDTOG OM BELASTINGNAKOMING TE VERSTERK

**PRETORIA - Dinsdag, 20 November 2018** - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) onderneem weereens 'n landswye bewusmakingsveldtog om belastingpligtiges te herinner aan hulle verpligting om uitstaande belastingopgawes in te dien.

Die drie wekeveldtog, wat vandag afskop, is hoofsaaklik op besighede gemik om nakoming aangaande maatskappye inkomstebelasting (MIB), belasting op toegevoegde waarde (BTW) en werknemersbelasting (LBS) aan te moedig. Inligting oor belastingpligtigeverpligtinge, die indiening van belastingopgawes en die gevolge ten opsigte van nie-indiening, sal ook gedurende die veldtog gedeel word. SARS sal ook finale aanmaningsbriewe aan toepaslike belastingpligtiges stuur.

Alhoewel die belastingseisoen op 31 Oktober 2018 gesluit het, word daar steeds van diegene wat die sperdatum gemis het verwag om alle uitstaande belastingopgawes in te dien, en administratiewe boetes kan gehef word vir die versuim van indiening. Voorlopige belastingpligtiges het tot 31 Januarie 2019 om hul belastingopgawes deur eFiling ingedien.

Belastingpligtiges wat nie hul opgawes indien nie, sal 'n administratiewe boete van R250 tot R16 000 per maand opgelê word, afhangende van die belasbare inkomste van die belastingpligtige. Dit is 'n kriminele oortreding om nie 'n opgawe in te dien nie en voortdurende nie-nakoming sal lei tot kriminele vervolging.

SARS bly toegewyd tot dienslewering en opleiding aan belastingpligtiges wat hulp nodig. Belastingpligtiges word aangemoedig om die SARS-kontaksentrum te skakel by 0800 00 7277 of om enige van die SARS-takke te besoek, met hul belastingpligtigeverwysingsnommer byderhand.